
UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## KENNEDY DZAMA
### A leader in food security

Start the new year on a healthy note | Wenke vir veiligheid op kampus | Meet Amanda Tongha of the PGIO | Wat jy móét sien by Woordfees 2015

JAAR 23#01 FEBRUARIE 2015 YEAR 23#01 FEBRUARY 2015
US Personeelblad SU Staff Magazine

contents inhoud


My Kampus: Amanda Tongha shares her world ....3
Lettere onderteken akkoord met KU Leuven ....4
Endowed Chair to boost schizophrenia research ....5
Military students rewarded for hard work ....6
ADA lei SA-JWSP se beleidseminaar ....7
Wees paraat: Hier is veiligheidswenke ....8
Nicolette van den Eijkel leads Facilities Management ....9
Prof Wim Gevers tree af by USB ....10
Tegnologie dryf Attie Juyn van IT ....11
Endler presents 80 concerts in 2015 ....12
Kampuslewe: Eet, lees en fees ....13
What if your body were your boss? ....14
In conversation with Prof Kennedy Dzama ....15
Brokkies in Beeld ....16



9


11


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

Ons skop gewoonlik die jaar af met nuwe voornemens, waarvan sommige hou en ander in die hek duik. Dieselfde gebeur in ons loopbane, en al begin ons nie die nuwe jaar in 'n nuwe pos of met 'n nuwe loopbaan nie, vind ons maniere om dinge anders te doen.

In hierdie uitgawe van *Kampusnuus* stel ons jou voor aan 'n paar nuwe gesigte op kampus, asook bekendes wat 'n nuwe rigting in hul loopbane inslaan.

Amanda Tongha is die nuwe Kommunikasie- en Skakelbeampte by die Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK). Sy is 'n Matie wat joernalistiek hier studeer het en nou, ná 'n paar draaie in die mediabedryf, terug is in die mooie Stellenbosch. Op bladsy 3 vertel sy meer oor haar werk.

Also, meet Nicolette van den Eijkel, who is the new Chief Director of Facilities Management. She picks up the baton from Chris Munnik, who retired at the end of 2014. Read more on page 9 about her plans for the division.

Nog 'n nuwe gesig is dié van die nuwe Senior Direkteur van Informasietegnologie (IT), Attie Juyn. Hy kom van die Pukke af, maar is reeds ingeburger hier in Stellenbosch. Hy vertel op bladsy 11 meer oor die rigting waarin hy IT aan die US wil stuur.

We also chat to some stalwarts of the University. Prof Wim Gevers, who has been teaching at the Business School since 1981, has retired. But it is not the end of his relationship with the University, as he will still be working on a contract basis. On page 10 he chats about his upcoming challenges.

Our cover personality, Prof Kennedy Dzama of the Department of Animal Sciences, is well known on campus. His new challenge is leading the recently-established Centre of Excellence in Food Security. Read more on page 15.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*.

Wayne

## KAMPUS Klets

I was in Stellenbosch from Wednesday 21 until Friday 23 January with my family to leave our daughter there for her studies. We were highly impressed by the level of service in all departments. Excellent service from Huis Ten Bosch house committee and mentors. We were assured that we left our daughter in safe hands and caring mentors. Keep it up! – *Bheki Prince Gumede, KZN*

Amazing experience! My daughter is now a Lady Nerina and I know she is in good hands. Well done to everyone involved in the planning, from the move-in day up until the last moment of the Dream Launch. Well done Stellenbosch. – *Alley*

I spent the entire day at the welcoming day and what an experience. 10 points to Stellenbosch University, they were organised, they were professional and they were friendly. My son is on cloud nine after yesterday. Three big years ahead of him but I know he is in good hands. – *Dion*

So awesome to see the information officers (during welcoming week) chat with new students on campus. Really making them feel at home! – *Magda Barnard*

The 2014 HOPE@Maties group most definitely was one great group (see page 5). So blessed to be able to mentor them during the year. I'm one proud ambassador, and blessed to be linked (related) to Maties and HOPE@Maties. – *Dustin Coraizin*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# Amanda's world

*Having studying journalism at SU, Amanda Tongha is excited to be back at her alma mater as the new Communication and Liaison Officer at the Postgraduate and International Office.*





**My job is …** to coordinate the communication and marketing activities of the Postgraduate and International Office (PGIO). An important part of that is to promote the range of services and activities offered by the office, which are advancing incoming and outgoing mobility of staff and students, as well as postgraduate studies. I have been in the job for three months now and thus far no day has been the same. There have been a lot of running around, meeting new people and being of assistance to seven units within the PGIO, including the Confucius Institute and African Doctoral Academy. I am finally getting into the rhythm of things and helping the office to extend its reach locally and globally.

**The Wilcocks Building …** (where the PGIO office is situated) is a melting pot of cultures with different people walking in and out of our office. One really gets to interact with people from all over the world. This is what excites me about my job: doing a bit of everything from social media, publications, website development and branding, and still having room to be creative and learn. It is also good working with a team of professionals who are passionate about their work and the service they provide – advancing internationalisation and supporting postgraduate success at the university.

**I am passionate about communication …** and all things international, and this job combines that. I studied at Stellenbosch – I did my journalism degree here. Longing for those days at the Journalism Department in Crozier Street, I have always wanted to come back, either as a student or staff member. The job at the PGIO made it possible and I am happy to be part of the team.

**It's great working for one of the country's best universities …** or what one of my friends call "an Ivy League institution". It's a beautiful campus and the town is definitely much more laid-back than Johannesburg, where I worked previously. I haven't experienced much of campus life yet, having started in November when most students were leaving for the holidays, but I am sure it's a culturally and intellectually vibrant place.

**I read, watch movies …** and go for long walks. I am originally from Bloemfontein and the last time I was here as a student, life stretched as far as Crozier Street. This time I have an opportunity to explore the town and Cape Town. I have already done the tourist thing: hopping onto one of the red buses for a tour of Cape Town and seeing places I have only heard about. I will definitely be taking more short trips to see more of this beautiful province.





*Photos: STEFAN ELS*

# Fakulteit Lettere onderteken akkoord met KU Leuven

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het onlangs 'n akkoord vir samewerking hoofsaaklik in die PhD-program vir Vertaling (vertaling, tolking, redigering) met die Fakulteit Lettere van die Katolieke Universiteit Leuven (KU Leuven) op die Antwerpen-kampus in België onderteken.

Hierdie samewerkingsooreenkoms maak nie net voorsiening vir uitruilgeleenthede nie, maar ook vir die toekenning van 'n gesamentlike PhD-graad van die US en KU Leuven in die toekoms. Die akkoord is op 13 November onderteken deur verteenwoordigers van die fakulteit, KU Leuven en die US, sowel as prof Luc van Doorslaer, die Direkteur van CETRA (Centre for Translation Studies) by Leuven.

"Ons fakulteit, spesifiek ons departement, werk al lank saam op individuele vlak met die voormalige Lessius Hogeschool in Antwerpen, wat nou deel is van KU Leuven. Van Doorslaer is byvoorbeeld reeds vanaf 2013 'n navorsingsgenoot by ons Departement. Ná die ondertekening van die akkoord sal Van Doorslaer spesifiek help met die begeleiding van PhD-kandidate in vertaling in ons departement," verduidelik prof Ilse Feinauer, Visedekaan: Tale en die Koördineerder: Nagraadse Programme in Vertaling in die Departement Afrikaans en Nederlands.



*Prof Johan Hattingh, Dekaan van die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Luk Draye, Dekaan: Lettere by KU Leuven.*

Die ondertekening behels die uitruil van navorsers, veral doktorale en ná-doktorale studente, maar ook akademici, navorsingsinisiatiewe en -projekte, en toekomstige gesamentlike PhD's. Die akkoord is moontlik gemaak deur die grondwerk van prof Rufus Gouws, wat in 2014 'n deel van sy navorsingsverlof by KU Leuven spandeer het. Hier het Gouws met die Dekaan: Lettere van die kampus Antwerpen, prof Frieda Steurs, geskakel en verdere gesprekke gevoer om die akkoord te bewerkstellig.

"Die akkoord het ook makliker gekom omdat Leuven 'n voorkeur-vennootskapooreenkoms met die US het wat in Mei 2014 onderteken is. Hierdie ooreenkoms het ons ook gehelp om so 'n akkoord tussen ons fakulteit en hul fakulteit te onderteken."

## US Kliëntediens ontvang duisende oproepe en e-posse

Die US se Kontak- en Kliëntediens-sentrum is oorval deur oproepe en e-posse sedert die Universiteit op Maandag 5 Januarie heropen het.

Binne een week het die personeel in die kontaksentrum 14975 oproepe en 3450 e-posse ontvang, waarvan sommige in Xhosa of Zoeloe hanteer kon word.

Sedert Desember 2014 het persone wat die Kontaksentrum bel drie taalopsies om van te kies: Afrikaans, Engels of Xhosa/Zoeloe.

Met die aanstelling van twee nuwe personeellede kan die Kontak- en Kliëntedienssentrum inbellers nou in ses van Suid-Afrika se 11 amptelike tale bystaan, hoewel twee van hierdie tale nie amptelike opsies is nie.

Sindiswa Bangani, oorspronklik van Mfuleni en 'n alumna van Rhenish Girls High en die US, kan mense bystaan in Xhosa en Zoeloe, terwyl Beltus Sirathaza, wat in die Oos-Kaap gebore is, in Rustenburg grootgeword het en by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie studeer het, mense in Xhosa, Zoeloe, Tswana en Sesotho kan help.

Volgens Darryn Havenga, Hoof: Kontak- en Kliëntediens, het die Xhosa/Zoeloe-lyn stadig afgeskop omdat die meeste mense daaraan gewoond is om 2 te druk sodra hulle die opsie vir Engels hoor.

"Maar nou ontvang ons egter tot 50 oproepe per dag in een van hierdie twee tale en die getal groei soos meer mense bewus word van die opsie."

## Legendary Coetzee new Head Coach of Maties Tennis

Maties Tennis recently announced that the legendary South African doubles player Jeff Coetzee will be the new Head Coach of the Maties Tennis High Performance Squad.

Le Roux Conradie, Maties Tennis Sport Manager, said the team and the management are extremely excited with the prospect of having Coetzee on board. "It is not every day that we are fortunate to have somebody with Jeff's experience and success on board and we look forward to many success stories together. Maties Tennis has to thank Caylix Sport Management for making it possible to appoint Coetzee as coach."

Coetzee (37) won six ATP Tour doubles titles in his career. While he played he was ranked in the top 10 of the doubles rankings and he also played Davis Cup for South Africa on 18 occasions.

"I like new challenges and have a passion for tennis. I will give my best to help Maties Tennis. And that is what I will expect of the players. I want them to give 100%, as will I. But they should also enjoy it. My message to the players is to believe in themselves and together we will make their dreams become reality."

Coetzee will be assisted by Sunel Malan (assistant head coach) and Victor Hendricks (mental coach).



*Jeff Coetzee* Photo: THYS LOMBARD





**VIER 40 JAAR:** *Die US se Departement Biochemie het in Januarie sy 40ste bestaansjaar gevier met verskeie geleenthede op 21 en 22 Januarie. Op die program was 'n simposium, olimpiade mars, bio-olimpiade spele, 'n toer deur die departement, 'n informele braai en 'n formele gala-aand by STIAS. Op die foto links is van die studente in die departement saam met prof Marina Rautenbach (derde van links) tydens die olimpiade mars, waartydens hulle al die geboue op kampus besoek het wat oor die jare groot betekenis vir die departement gehad het.*

## Suksesse vir SciMathUS en HOPE@Maties

Die SciMathUS-program van die US het met die Desember-gradeplegtighede sy eerste doktorale graduandus opgelewer. Dr Gerald Maarman (30), wat in Kleinvlei, Eersterivier, gebore is en in 2003 by die SciMathus-program aangesluit en daarvan gedroom het om baanbrekersnavorsing op die mediese terrein te doen en kure vir siektes te ontwikkel.

SciMathUS (Science and Mathematics at the University of Stellenbosch) bied talentvolle en belowende matriekleerders uit opvoedkundig benadeelde omstandighede en wat nie matrikulasievrystelling verwerf het nie of wat nie voldoende presteer het om vir keuringsprogramme toegelaat te word nie, 'n tweede kans om hul punte in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde te verbeter.

Al 93 studente wat in 2014 die SciMathUS-oorbruggingsprogram gevolg en toe die NSS-eksamen in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe afgelê het, het dit goed geslaag. Die groep spog met 11 A-simbole in Wiskunde en 6 A-simbole in Fisiese Wetenskappe.

• Die 2014 HOPE@Maties-groep het 'n100%-slaagsyfer, 58 A-simbole in Wiskunde, 39 A-simbole in Fisiese Wetenskappe en 53 A-simbole in Rekeningkunde behaal.

Vier HOPE@Maties-leerders is ook by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se merietelys vir 2014 ingesluit.

## Endowed Chair to boost research on schizophrenia

The first ever Endowed Research Chair at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) has been formally established by the Department of Psychiatry. It is called the Sarah Turoff Endowed Chair in Schizophrenia Research.

According to Prof Soraya Seedat, executive head of the Department of Psychiatry, an Endowed Research Chair is one of the most lasting gifts that a donor can give to higher education.

"It also links the donor in perpetuity to a commitment to research excellence and the achievements of the individual who will hold the Chair," says Seedat. She adds that the Chair will increase the visibility of schizophrenia research in the department and enhance research opportunities for staff and students.

Prof Robin Emsley, who was appointed to the Chair, is an internationally acclaimed researcher in the field of schizophrenia.

Emsley explains that brain diseases are major contributors to the disease burden globally and nationally, and that schizophrenia makes up a substantial component.

It is a puzzling and complex disorder, impacting negatively upon individuals, families and society.

"It is also the most stigmatised illness which often leads to patients being ostracised and victimised," says Emsley.

According to Prof Jimmy Volmink, Dean of the FMHS, Endowed Chairs are important contributors to publicly-funded universities and research institutions.

"Researchers work hard to secure research funding, but while most grants cover the running costs of studies they do not fund infrastructure and posts," he says.



*At the official announcement were (from left to right) Prof Robin Emsley, holder of the research chair; Ben-Zion Surdut, executor of the Sarah Turoff Trust; Esther Surdut; Prof Soraya Seedat, executive head of the Department of Psychiatry; and Prof Jimmy Volmink, Dean of the Faculty of Medicine and Health Sciences.*

# Military Academy students rewarded for hard work

The Military Academy held its prestigious annual Awards Evening on 9 December 2014 at the Military Academy Combined Club in Saldanha. The students who excelled in their studies received certificates, gifts and trophies as a token of recognition for their hard work during the year.

SU's Faculty of Military Science is located at the Military Academy.

In addition to the students' acknowledgement, the members of the Faculty of Military Science who excelled in their academic and professional development were also acknowledged.

The event was attended by 200 guests, which included senior officers of the South African National Defence Force, SU management, sponsors as well as the Deputy Mayor of Saldanha Municipality, Elizabeth Steyn.

At the event, Captain Wendy Louise Badenhorst stole the limelight when apart from several other rewards she was awarded the PJG de Vos Medal for the undergraduate student who achieved the best results over three years of studies at the Military Academy. She earned distinctions in all her subjects in all the examinations she wrote from her first to her third year, with averages above 90%. She also received her BMil degree cum laude.



*Lieutenant-General Fabian Msimang, Lieutenant-General Norman Yengeni, Captain Wendy Badenhorst, and Brigadier General Lawrence Mbatha at the Passing-Out Parade.* Photo: FSgt DEBBIE GUTHRY

On 10 December the Military Academy hosted the annual Passing-Out Parade for the third-year group MA14. This event not only marks an important day on the national military calendar but also in the West Coast.

The Passing-Out Parade is the zenith of the Military Academy's activities and symbolises excellence in terms of the institution's core business and it is where students who have completed their three years of academic learning and military professional development are rewarded for their achievements.

The best candidates in the various services were awarded with Service Trophies and the overall best candidate, combining both military prowess and academic work, is presented with the Sword of Honour.

Again Badenhorst was the star of the day, receiving the Sword of Honour as well as the trophy for the best Air Force Student.

# Nuwe boek gee leiding aan jong kliniese navorsers

'n Nuwe gids, *Getting started in Clinical Research,* vir jong navorsers in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is onlangs gepubliseer.

Die gids is saamgestel deur proff Robert Gie en Nulda Beyers, beide entoesiastiese navorsers wat die vreugde, frustrasies, hoogte- en laagtepunte van navorsing beleef het.

Hulle het die belangrikheid besef van 'n mentor wat 'n navorser deur die positiewe en negatiewe oomblikke van navorsing kan lei en besluit om hierdie leiding aan hul jong kollegas oor te dra deur 'n handleiding daaroor saam te stel. "Die doel van die gids is om navorsingstudies 'n bietjie makliker te maak, om studente te help om hul studies te voltooi, en die vreugde te beleef om hul navorsing gepubliseer te sien," het prof Gie gesê.

Volgens Beyers is dit 'n eerste poging om so 'n gids voor te berei en sal dit gereeld opgedateer moet word om te verseker dat die materiaal die veranderende vereistes van die navorsingswêreld weerspieël.

Die handleiding is verdeel in 17 maklik leesbare stappe wat noodsaaklik is om navorsing uit te voer en die resultate te publiseer.

Die boek is gratis aanlyn beskikbaar by www.sun.ac.za/paediatrics.

*More than 5 000 new Maties and their parents attended the welcoming ceremony in the Danie Craven Stadium at Coetzenburg on Thursday, 22 January, where they were entertained by, among others, the University mascots Pokkel and Proffie. In his welcoming address, Prof Leopoldt van Huyssteen, SU's Acting Rector and Vice-Chancellor, said that new Maties can fulfil their dreams through perseverance and diligence. "An incomparable experience is awaiting you. Here, you will have the opportunity to sharpen your mind. Here, you will be challenged to aim higher than ever before. Grasp these opportunities," he said.* Photo: SONIKA LAMPRECHT





# ADA lei SA-JWSP se beleidseminaar



*Al die lede wat die Suider-Afrikaanse Jong Wetenskaplikes Somerprogram (SA-JWSP) se seminaar by die US bygewoon het.*

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) het begin Januarie 'n week lange seminaar oor "navorsing tot beleid tot implementering" vir 22 doktorale studente aangebied.

Dié jong wetenskaplikes, wat 20 nasionaliteite verteenwoordig het, is deel van die Suider-Afrikaanse Jong Wetenskaplikes Somerprogram (SA-JWSP), 'n inisiatief van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Internasionale Instituut vir Toegepaste Sisteem-analise (IITSA).

Die ADA het in 2014 'n soortgelyke beleidseminaar aangebied en is genader om 'n tweede seminaar aan te bied.

Die SA-JWSP is 'n jaarlikse, drie maande lange inisiatief wat bydra tot die stigting, groei en bydrae tot hoë-vlak strategiese navorsingsnetwerke internasionaal. Die program is in 2011 deur minister Naledi Pandor gestig en dit ontwikkel kapasiteit in sisteem-analise-stelsels op PhD-, ná-doktorale en studieleiervlakke deurdat navorsing gedoen word in die areas van DWT se belangrike uitdagings en in lyn met huidige navorsingsprojekte by IITSA.

Die program word by die Universiteit van die Vrystaat gehuisves en is vanjaar in sy derde jaar.

Die jong wetenskaplikes het by die seminaar die toenemende belang van wetenskapkommunikasie verken en Marina Joubert, bekende wetenskapkommunikasie-praktisyn, het hul geleer hoe om met die publiek en media asook beleidmakers en potensiële skenkers te kommunikeer.

Daarmee saam is aspekte van die oorbrugging van navorsing na beleid na implementering deur prof Alice Pell (Cornell Universiteit) en dr Lindiwe Sibanda (FANRPAN) gelei.

Die seminaar is saamgevat met 'n hoë-vlak beleidsdialoog wat deur die DWT en die NNS gefasiliteer is en waaraan prominente deelnemers vanuit die wetenskap-en-tegnologie-gemeenskap in Suid-Afrika deelgeneem het.

# Learners explore world of broadcasting and technology

Fifty learners between the ages of 16 and 18 years, all with a passion for the media, recently received free media training and gained insight into the behind-the-scenes action at a radio station on the Stellenbosch campus.

The learners from Stellenbosch and surrounding areas got a taste of the world of technology and broadcasting during youth radio station MFM's first Summer School, presented in collaboration with SU's Centre for Learning Technologies and Eduloan.

From 15 to 19 December, the learners received radio training and training in other media platforms, free of charge. "The goal was to equip the learners with invaluable skills giving them an advantage in pursuing a career in radio," says MFM's Station Manager Charita van der Berg.

The budding media all-rounders spent time at MFM where they had training sessions in all areas of on-air presenting, producing, reading news, marketing, social media, sales, finances as well as on- and off-air television training.



*Pupils at the Summer School learning about the latest in media technology.* Photo: HENNIE ROUX

At the Centre for Learning Technologies and Telematic studio offices they had the opportunity to work in front of the camera and behind the scenes. Under the guidance of staff at the centre, the learners were able to interview each other on camera. These interviews were captured and produced as DVD's for them to take home. Two of the many services offered by the centre are graphic design and video editing.

The Summer School learners were taken through a quick lesson in using freeware tools to create their own movies and viewed a demonstration of photo editing.

# WEES PARAAT

*Die eerste kwartaal is onder Kampussekuriteitsbeamptes bekend as die tyd van die jaar wanneer misdadigers na veral Stellenbosch terugkeer om toe te slaan op oorgeruste studente. In Januarie is daar reeds 'n paar gryproofvoorvalle aangemeld. Daarom versoek VILJOEN VAN DER WALT, Direkteur: Risikobestuur en Kampussekuriteit, personeellede om paraat te wees.*

'N Welverdiende reses behoort tot die verlede en 2015 is 'n realiteit. In retrospeksie was daar verskeie hoogte- en laagtepunte in 2014 in soverre dit sekuriteit en misdaad aangaan. Die buitengewone omvang van gryprooftogte gedurende die eerste semester en veral gedurende April/Mei, en die inbraak en verkragting van 'n vrouestudent in Augustus, dien as onbetwiste laagtepunte.

Die stof tot dankbaarheid sluit in die groot finansiële inspuiting vir addisionele sekuriteitsmaatreëls en die ommekeer in die negatiewe gryprooftendens gedurende die tweede semester.

Die hoogtepunt, myns insiens, is die ontstaan en funksionering van die Stellenbosch Veiligheidsinisiatief (SSI). Aangesien misdaad 'n bedreiging vir die hele dorp inhou, was die konsolidasie van sekuriteitsrolspelers in die dorp onder die enkele vaandel van die SSI baie welkom.

Die oplossing is slegs deels in addisionele sekuriteit en samewerking tussen sekuriteitsagentskappe. Daar sal nooit soveel uniforms wees dat hulle dag en nag oral binne sien- en hoorafstand van elke persoon, hetsy student, personeellid, ouer of inwoner sal wees nie. Die enigste volhoubare oplossing is gesetel in individue wat saamstaan en 'n groep vorm. Saamloop, saamry, saamstap, saamdraf, saam fietsry, oplettendheid, aanmelding, ingeligtheid… alles ook op individuele basis, is nodig.

> Lees die inligting op die webblad www.sun.ac.za/veiligheid, hou Twitter dop (#safematies), stuur 'n whatsapp-boodskap oor verdagte omstandighede na die beheerkamer by 082 808 2333, of stoor die noodnommer 021 808 2333 (Stellenbosch) of 021 938 9507 (Tygerberg).

Die fluitjie-inisiatief is ook bewys as 'n suksesvolle manier om die gemeenskap in die stryd teen misdaad te betrek. Elke persoon moet 'n fluitjie kry, by hom/haar dra (maklik bereikbaar), en dan hard en aanhoudend blaas indien nodig. Dit is ook nodig om te reageer as jy 'n fluitjie hoor en die polisie of kampussekuriteit te bel. Laat jou oë, ore en aksies soos dié van 'n sekuriteits-beampte wees.

**Wenke vir personeel:**

- Probeer om nie alleen te stap nie, veral nie gedurende stil tye op kampus nie.
- Dra jou selfoon of enige ander waardevolle items op 'n plek wat uit die oog is.
- Toegangsbeheer moet ten alle tye streng toegepas word. Dring daarop aan dat die persoon sy/haar eie toegangskaart gebruik.
- Sluit jou kantoordeur wanneer jy jou kantoor verlaat.
- Maak vensters toe, veral op die grondvloer, selfs al is daar diefwering.
- Waardevolle items moenie sonder toesig gelaat word nie, veral nie in publieke areas of binne voertuie nie.
- Wanneer jy jou voertuig verlaat, maak seker dat die vensters en deure behoorlik gesluit is.
- Maak gebruik van die pendeldiens op kampus, asook die saamstapdiens. As jy ná donker op kampus tussen geboue of van 'n gebou na jou motor moet stap, sal 'n sekuriteitsbeampte jou vergesel. Skakel 021 808 4666 en wag tot hy by jou aansluit.







*Die Afdeling Risikobestuur en Kampussekuriteit in samewerking met die Afdeling Korporatiewe Bemarking het in 2014 'n bewusmakingsveldtog oor persoonlike veiligheid van stapel gestuur. Die plakkate hierbo is onder meer ontwikkel om veiligheidswenke aan studente oor te dra en is via sosiale media-kanale versprei.*



# Up for the challenge

*Nicolette van den Eijkel, new Chief Director: Facilities Management, likes to be out and about, and key customers can expect a visit from her in the near future. She recently moved from Johannesburg to take up the position vacated by Chris Munnik, who retired at the end of 2014. PIA NÄNNY asked her a few questions.*



*Nicolette van den Eijkel* *Photo: STEFAN ELS*

**What was your previous position and how did it prepare you for your tasks at Stellenbosch University?**
I worked for Sasol in their corporate offices and I have been in facilities management in both the private and public sector for 15 years. For a number of years I was Chairman of the South African Facilities Management Association. My key focus during my tenure was the professionalization of the industry. I've also been in small business development and worked in several financial positions. I think my varied career has helped me to gain multi-faceted experiences, which a good facilities manager needs.

**What excites you about your new position here at SU?**
The Institutional Intent and Strategy 2013-2018 provides many opportunities for facilities management. We are entering an exciting yet challenging phase of renewal that will allow us to influence how this University will function well into the future. I am also excited about leading the FM division. I plan to focus on facilitating the development and empowerment of people within the team, so that we collectively deliver excellent customer service.

**In your opinion, why is facilities management an important element of any organisation?**
Facilities management is key in providing the environment in which people can perform to their full potential. This includes providing appropriate space and facilities in which to teach, learn and live, and the technology suitable to illicit excellence. If the Facilities Management department delivers on the right services in the right spaces, our customers can focus on what they need to do best.

**How would you describe your management style?**
My management style is based on a key set of personal values, which include fairness, integrity, teamwork, development and excellence. I believe that our staff and our customers often have very good suggestions and solutions, so I like to listen, question and facilitate solutions. My role is to see the bigger picture, ensure governance and compliance, and make sure that solutions are sustainable. We have thousands of customers that we must try and keep happy within a limited budget. Of course, having been a facilities manager for many years I know that often we have to make unpopular decisions which may not always suit our customers individually but which must always be to the benefit of the University as a collective.

**What do you like about the Boland and specifically Stellenbosch?**
Maybe it's my surname that has connected me to the Eikestad but I have always felt at home when I visited Stellenbosch. The contrast between the history and tradition of the town and the vibrancy of youth intrigues me. History, students, residents, and tourists all interacting in one place is fascinating to me. I love it that the summer evenings are so much longer than in Johannesburg – there seems to be more time to enjoy the beauty of this area. I also really enjoy it that there are so many wonderful places to visit and I am very definitely still in tourist mode.

# 'n Man van besluite

*Prof Wim Gevers van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) het onlangs afgetree as voltydse dosent in Besluitnemingsontleding, maar sy verbintenis met dié skool loop nog nie ten einde nie. HEINDRICH WYNGAARD het met hom gesels.*

Min ander dosente word op so 'n wyse met die vak wat hulle aanbied verbind dat die vak deur studente na die dosent hernoem word. Dié (twyfelagtige?) eer het wel prof Wim Gevers van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) by die Bellville-kampus te beurt geval: sy spesialisvak, Besluitnemingsontleding, staan al lank onder MBA-studente as "Wimkunde" bekend.

Gevers, wat einde verlede jaar amptelik as hoof van akademiese aangeleenthede by die USB uitgetree het, het hom in 1977 as deeltydse MBA-student geregistreer, reeds in sy derde jaar (1979) deeltyds begin klasgee, en in 1981 by die voltydse personeel aangesluit.

Nou, ná byna vier dekades, het sy rol verander: vanjaar sal hy op kontrak betrokke wees om die direkteur en programhoofde by te staan, veral met sake waar institusionele geheue belangrik is. Hy gaan ook voort met studieleiding, gaan die 2014 Modulêre MBA-klasse se Besluitnemingsontleding as dosent voltooi, en vir die 2015 Afrikaanse Modulêre MBA-klas die Operasionele Navorsing-deel van Besluitnemingsontleding aanbied.




*Prof Wim Gevers* *Foto: AMBER KRIEL*

## Gevers antwoord 'n paar vrae:

**Beskou jy dit as 'n kompliment of 'n albatros om jou nek as daar na die befaamde, indien nie gevreesde nie, "Wimkunde" verwys word?**

Ek dink dit is 'n vorm van 'n kompliment! As die vak of dosent so 'n unieke kombinasie is dat studente dié 'n bynaam gee, dan het dit êrens die regte snaar geslaan. En die dilemma is dat die vak inderwaarheid nie so moeilik is nie, maar jy moet baie hard werk om dit te bemeester.

**Waarom is dié vak belangrik vir sakestudente?**

Ons leef in 'n era waar die data wat ons tot ons beskikking het om besluite mee te neem net toeneem. Jy het sekerlik al gehoor van die fenomeen van "Big Data". Besluitnemingsontleding help MBA-studente om sin te maak uit die hope data wat daar is en om dit vir mededingende voordeel te gebruik – daarom is dit essensieel in 'n MBA-program.

**Wat hou die toekoms vir bestuurskole in?**

Bestuurskole gaan in die toekoms steeds 'n groot rol vervul in die verskaffing van bestuursopleiding in allerlei vorme. Ek dink nie dat dit beperk gaan wees tot MBA-programme nie. In baie gevalle gaan kortkursusse die antwoord wees vir 'n opleidingsbehoefte. Maar – en dit is die groot maar – dit gaan slegs suksesvol wees as die student gesentreerd is en alle tegnologie na behore gebruik en integreer.

**Behoort aftrede nog 'n plek in ons bestaan te hê?**

Die Bybel sê niks oor aftrede nie! Ek dink dat heeltemal te veel talent verlore raak omdat mense aftree. Uiteraard is dit ook die tyd vir teruggee, maar aftree om niks te doen nie is myns insiens 'n euwel. En dan sê alle finansiële ontleders dat mense langer moet bly werk omdat die mediese wetenskap so gevorder het dat ons almal langer gaan bly leef – en daarom langer moet bly werk om voorsiening daarvoor te maak.

**Hoe ontspan jy wanneer jy nie by die werk is nie?**

Ek ry fiets. Oor 34 jaar het ek al dertien Argus-fietstoere voltooi. Ek sing ook die afgelope 21 jaar in die Stadskoor Tygerberg. Ek vind die weeklikse twee uur lange konsentrasie op musiek 'n wonderlike afleiding van werk. En dan hou my vrou en ek daarvan om na kunsflieks te gaan kyk.



# Tegnologie dryf Attie Juyn

*2015 is 'n jaar van nuwighede vir die Senior Direkteur: Informasietegnologie, Attie Juyn, wat pas die tuig opgeneem het: nuwe werk, nuwe uitdagings, nuwe huis en omgewing, asook nuwe belangstellings. SONIKA LAMPRECHT het meer gaan uitvind.*

Oor sy aanstelling by die US as Senior Direkteur: Informasietegnologie sê Attie Juyn: "Ek het die voorreg gehad om die IT-afdeling van Noordwes-universiteit (NWU) te lei om 'n baie gesofistikeerde en effektiewe afdeling van die universiteit te wees. Die US bied weer nuwe uitdagings en geleenthede om 'n verdere bydrae te kan lewer tot die breër ontwikkeling van die sektor deur die effektiewe benutting van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT)."

Hy was sedert 1992 betrokke by die NWU se informasietegnologie-afdeling en sedert 2004 die hoofdirekteur van dié afdeling. Volgens hom het hy nie uitgemaakte planne vir die US se IT-afdeling nie en sal hy in samewerking met al die belangegroepe by die US prosesse lei wat uiteindelik sal uitloop op realistiese, maar tog betekenisvolle, verbeterings.

"Dit is belangrik om die verskillende rolspelers te bemagtig en entoesiastiese deelname te bewerkstellig. Ek besef egter dat die realiteit wel sekere beperkinge sal meebring."

In sy tyd by die NWU het hy die proses gelei wat 'n toonaangewende studentestelsel op die been gebring het en wat steeds gebruik word. Hy het ook die universiteit deur 'n moeilike IT-samesmelting gelei in 2003 tot 2005, en die mees omvattende ondernemingstelsel-integrasie van alle universiteite in Suid-Afrika bewerkstellig.

Juyn het ook 'n sleutelrol gespeel in die formalisering van ASAUDIT (Association of South African University Directors of Information Technology) en met die hulp van ooptoegang-aktiwiteite die totale koste van IT onder beheer gehou, sonder om uitstekende diens in te boet.

Dit is juis hierdie ervaring en kennis, tesame met sy leierskapsvaardighede, wat hy in diens van die US sal stel.

"Ek het 'n paar dekades se ervaring in die sektor, en het 'n sekere mate van sukses bereik. Ek het geleer om mense te lei en te bemagtig, en uiteindelik is dit die mense wat aan prosesse deelneem wat die grootste verskil kan maak. Tegnologie is noodsaaklik, maar goeie integrasie in besigheidsprosesse bepaal uiteindelike effektiwiteit en volhoubaarheid."

Hy en sy vrou, Lidia, is in die proses om te verhuis.

"Ek het reeds ingetrek in ons huis in Kuilsrivier, maar my vrou sal eers oor 'n maand of twee Kaap toe verhuis met die res van ons besittings. Intussen moet ons nog af en toe vir mekaar gaan kuier."

*"Tegnologie is noodsaaklik, maar goeie integrasie in besigheidsprosesse bepaal uiteindelike effektiwiteit en volhoubaarheid."*

Juyn sien baie daarna uit om die Kaap se natuurskoon in sy vrye tyd te geniet. "Op Potchefstroom het ek 'n klein deeltydse boerderytjie bedryf, waar ek met 'n troppie Bonsmara-beeste op ons familieplaas geboer het. Dit het my die geleentheid gebied om gereeld te ontspan en baie tyd in die veld te spandeer. Ek sal nou my belangstellingsveld effens verskuif, maar beoog om steeds genoeg tyd in die natuur te spandeer, veral in hierdie pragtige omgewing.

"Ek het ook begin om meer tyd in die kombuis te spandeer, deur af en toe 'n ete voor te berei en my vrou te trakteer. Een van my gunsteling-belangstellings is om olywe op allerhande interessante maniere te geur en in te lê."



*Attie Juyn* *Foto: STEFAN ELS*

# Endler presents 80 concerts in 2015



*Joshua Bell*

The Endler Concert Series has once again planned two seasons of great music for 2015. Besides the offering of 50 concerts, music lovers can also look forward to the busy Stellenbosch International Chamber Music Festival, which offers a further almost 30 concerts between 3 and 12 July.

South African born pianist Renée Reznek will open the 2015 Endler Concert Series on 8 February with works by Satie, Debussy, Klatzow, Hofmeyr and Muyanga. This will be followed on 15 February by The Korngold Project, featuring Daniel Rowland, Francesco Sica, Gareth Lubbe, Benjamin Roskams, Julian Arp, Peter Martens and Luis Magalhães. They will perform Erich Korngold's piano quintet and string sextet.

The University of Stellenbosch Symphony Orchestra (USSO) opens the Woordfees in March with two performances of music from Prokofiev's *Romeo and Juliet*, as well as Schumann's Piano Concerto with internationally acclaimed Italian pianist Antonio Di Cristofano.

In August and October, USSO presents symphony concerts.

The orchestra will once again present a programme of sacred music with Canticum Novum in October, featuring Mozart's Coronation Mass.

Quality choral performances continue throughout the year with the SU Choir, Schola Cantorum and the SU Chamber Choir. The SU Symphonic Wind Ensemble will also present their popular Band Extravaganza in May.

The acclaimed international violinist, Joshua Bell, returns to Stellenbosch on 6 September for a gala concert with the SU Camerata, with whom he also performed here in 2012.

Other respected local and international artists such as Lukás Vondráček, Maria du Toit, Vassily Primakov, Pieter Grobler and Morgan Szymanski complete the concert series' line-up.

The popular Jazz@The Endler Series also continues, with performances by, among others, the Mike Rossi Big Band in April and the Pietersen & Tagg Jazz piano duo in August.

For lovers of contemporary music, KEMUS will again present a concert featuring works by Lachenmann in November.

In addition to these concerts, SU's Music Department also offers free lunch-hour concerts on most Tuesdays at 13:00.

• Discounted subscription tickets are available, or buy tickets at Computicket. Contact Leon van Zyl on 021 808 2358 or leonvanzyl@sun.ac.za for further information.





*Maak gereed vir die US Woordfees wat vroeg in Maart begin. Kampusnuus vertel jou meer oor wat op vanjaar se program is. Loer ook in by Showroom, 'n restaurant en dekorwinkel, vir middagete. En die US se prof Frans Swanepoel is een van die redakteurs van 'n nuwe boek oor landbou wat onlangs verskyn het.*

## Lunch-time

The owners of Showroom, situated in Bird Street near Standard Bank, describe this eatery as a "quirky café and décor shop". And it is indeed that.

You have probably walked past Showroom thinking that it is only a décor shop selling vintage furniture – anything from chairs and tables to teaspoons and ornaments. But stop for minute and you'll get the aroma of coffee and food.

Here you can have lunch surrounded by the most beautiful décor items. And you can shop while you eat.

Showroom is open between 08:00 and 17:00 and serves breakfast, high tea, brunch and lunch.

The names of their dishes are indeed quirky, with eats such as "Poached with a twist" (a breakfast dish), "The robust Italian" (a mezze platter), and "Take me to wonderland truffles" (in a variety of flavours).

Pop in and try their lunch – you might walk out with a chair.




## Feestyd

Op 6 Maart skop die US Woordfees af. Van Suid-Afrika se voorste skrywers, akteurs en musikante kom dan op Stellenbosch byeen.

Die feesprogram is in Desember bekend gestel en kaartjies verkoop reeds flink.

Die Skrywersfees is een van die hoogtepunte, en vanjaar kom bekende én opkomende skrywers hierheen om oor hul werk te praat. Antjie Krog lees voor uit haar nuwe digbundel, *Medewete*. Hierdie is haar eerste digbundel in agt jaar en spreek temas soos taal, geheue en gewete aan.

Die US-historikus **Bill Nasson (foto)** gesels oor sy boek *WWI and the people of SA*, waarin die invloed van die Eerste Wêreldoorlog op die ontwikkeling van Suid-Afrika se politiek en gemeenskap verken word.

Kerneels Breytenbach se nuwe boek *Ester* kom ook aan bod. Dit is 'n politieke intrige wat gebaseer is op 'n geskiedkundige insident: die ontmoeting in 1940 tussen DF Malan en 'n Duitse spioen, Thyra Denk.

Van komedies tot drama is op die toneelfees te sien. Frank Opperman speel in 'n komiese eenmanstuk die rol van Tienie Benade, 'n middeljarige predikant, terwyl Marion Holm gehore gaan laat skater in *HOL Marion!*.

'n Nuwe Afrikaanse vertaling van Tsjechof se *Die Seemeeu* word op die planke gebring met Sandra Prinsloo en Marius Weyers in die hoofrolle. PG du Plessis se bekende *Siener in die suburbs* word met 'n sterk rolverdeling opgevoer, en feesgangers kan ook uitsien na die bekroonde *Rondomskrik*, waarin Shaleen Surtie-Richards speel.




'n Vol program van klassieke musiek word ook aangebied. Nina Schumann en Luis Magalhães, albei klavierdosente aan die US, hou 'n konsert van Franse musiek deur komponiste soos Poulenc, Franck en Ravel. Op die program van die US Kamerkoor is 'n kombinasie van tradisionele Afrikaanse liedjies en 'n aantal nuwe komposisies.

• Besoek www.woordfees.co.za vir die volledige program. Kaartjies is by Computicket beskikbaar.

## Lees

'n Hoogaangeskrewe werk oor landbou-opvoeding en -opleiding (LOO) in sub-Sahara Afrika, uitgegee deur Cambridge Scholars Publishing en die Instituut vir Afrika-ontwikkeling (IAO) by Cornell Universiteit in die VSA, het pas verskyn.

*Towards impact and resilience: Transformative change in and through agricultural education and training in sub-Saharan Africa* word onder redaksie van Prof Frans Swanepoel, direkteur van die Afrika- Doktorale Akademie by die Universiteit Stellenbosch; Prof Zenda Ofir, ere-professor by die Skool vir Openbare Leierskap (US), en Prof Aldo Stroebel (IAO en NNS) uitgegee.


Die boek bestaan uit 17 hoofstukke en 22 gesiene internasionale kenners lewer bydraes. Dit fokus daarop om perspektief te kry oor uitdagings, kwessies en prioriteite van LOO in sub-Sahara Afrika. Die boek stel rigtinggewende oplossings voor wat as 'n gids dien vir organisasies wat belangstel om LOO vir landbouontwikkeling op die kontinent te bevorder.

Dit bespreek die Afrika-konteks waarin 'n getransformeerde LOO-stelsel geleë moet word, analiseer Afrika en internasionale gevalle wat relevant tot spesifieke LOO-behoeftes en uitdagings is, ontleed LOO-modelle wat belangrike lesse inhou, en spreek die mees kritieke kwessies aan wat 'n impak op LOO in sub-Saharah Afrika hê.

Die boek is uniek geposisioneer en dra by tot die oproep tot aksie vir LOO, om die nuutste kennis van binne en buite sub-Sahara Afrika saam te trek. Dit bevorder ook innoverende denkwyses rondom die beginsels, waardes en karakter van LOO vir ontwikkeling – met 'n spesifieke klem op modelle wat kan help om leiers en besluitnemers op alle vlakke van die landbousektor te kweek.

Verskeie internasionale kundiges het die boekbekendstelling by STIAS bygewoon. Diegene wat daar was, sluit in Prof Adipala Ekwamu, Uitvoerende Sekretaris van RUFORM, en Prof Alice Pell van Cornell Universiteit.

Prof Monty Jones, die 2004 World Food-pryswenner, het die voorwoord tot die boek geskryf.



# When your body becomes your boss

*It's the new year and we all have some resolutions but seldom keep to it – especially those about exercising more and eating healthier. But maybe it's time you stick to the plan and work hard to keep your body and mind fit.*

The website ***MindBodyGreen*** recently featured an interesting article on their daily newsletter. The author of the article, Webly Alfred, asks the following question: If your body were your boss, what kind of performance review would you get?

We often start the new year with many good intentions about exercising more and eating better, losing weight or becoming healthier. Unfortunately, for many of us these intentions fade away before January is over. But if a performance review was around the corner, what would your boss – being your body – tell you?

Would you get promoted? Would you get a warning? Would you get fired?

According to Alfred, your body might say: "I received a few complaints about your performance and I called you in my office to address them (picture the complaints as test results – high cholesterol, high sugar, high blood pressure – or a picture of you today)."

Your body is trying to understand what happened to you:

- You skip breakfast or eat something that is unhealthy.
- You complain constantly about your weight, even though you know what you need to do about it.
- You keep cancelling or coming up with excuses every time you have to exercise.
- You would rather spend a fortune on everything else, but anything relating to your body is too expensive.

"I'm letting you know that you need to improve today, and this is a formal warning," is what your body would say.

So think about it: If the "performance" of your own body would be evaluated soon, what can you do?

It's not always easy or possible to make fundamental changes, but here are some basic and easy health tips that can form the first step on your journey to wellness:

- Drink a glass of water in the morning;
- Eat breakfast;
- Try to get enough sleep;
- Snack the healthy way;
- Take a daily walk.

None of these are too difficult or too time-consuming. How about a stroll up and down Victoria Street over lunch-time? Some dried fruit and nuts instead of sweets and chocolates? How about replacing one cup of coffee with a glass of water?

Let's start the year with some small changes and take it from there.

*Sources: www.mindbodygreen.com; www.boredpanda.com*

If you have any ideas or suggestions about things that worked for you – share it with us at *kampusnuus@sun.ac.za.*






Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

*Tel:* 021 886 6159
*Email:* info@5-seasons.co.za
*Website:* www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

5SEASONS guesthouse



# Food for thought

*Food security remains a topical issue and that is why the recently-established Centre of Excellence in Food Security has such an important role to play in the South African context. PIA NÄNNY found out more from Prof Kennedy Dzama, Head of the Department of Animal Sciences.*

More than half of South Africa's population does not have regular access to enough food and approximately 45% of South Africans live below the poverty line. Chronic malnutrition affects one in five young children and about 10% of households in South Africa experience hunger every month.

This is why the recently-established Centre of Excellence (CoE) in Food Security has an important role to play in the South African context. This CoE is a virtual centre comprising of several South African and international universities, science councils and international organisations.

Prof Kennedy Dzama, Head of the Department of Animal Sciences in the Faculty of AgriSciences at Stellenbosch University, is part of the Management and Executive Committee of the centre and will host the Food Production Programme, one of eight programmes in the CoE, at SU.



*Prof Kennedy Dzama (centre) with the researchers who form part of the food production programme, Dr Elmi Lotze, Dr Ailsa Hardie, Julia Harper, Dr Cletus Mapiye and Dr Sandy Turketti.*

"The centre will undertake research to identify science-based programme interventions and policy mechanisms which will assist South Africa in overcoming food insecurity and ensuring sound and good nutrition for it citizens. South Africa plays a significant role with regards to the transfer of food across many parts of the African continent," he says.

According to Dzama food security requires comprehensive treatment. "The approach of the production programme is to work towards ensuring that innovative research develops transformative "self-sustainable" local food systems. In terms of production this means a stronger focus on the small-scale but not exclusively so as to ignore the importance of the larger producers."

Key aims include (1) developing a useful and practical conceptual framework for the current agro-food production system; (2) research into how to improve water use efficiency and utilise waste water for production; (3) research into increasing crop and animal diversity and maintaining biodiversity; (4) research into opportunities for alternative food production methods; and (5) Focus on small and medium-sized enterprises (SMEs).

"At SU we have made a deliberate effort to award CoE research grants to young and middle-career researchers so that they can grapple with these issues. This will hopefully help us develop a core of researchers at the University who are geared towards developing food security solutions," says Dzama.

"The research findings will help us better understand food systems and ways to address problems across the food system. This will enable South Africa to tackle the challenge of food security and nutrition faced by a significant number of South Africans. It is initiatives such as the CoE in Food Security that will ensure that we build more skills and resources and conduct more research to help confront the issues of poverty, hunger and malnutrition in our country."

## More about Prof Dzama:

Prof Kennedy Dzama completed his PhD in Animal Genetics at Texas A&M University in America in 1993. His academic career has seen him involved in universities across various Southern African countries, including Malawi, Zimbabwe and South Africa. His major research thrust is centred around evaluating animal genetic resources for increased and sustainable utilisation using both quantitative genetics tools (including modelling) and genomics. He is also the team leader in two key SU initiatives: The Sustainable Agriculture Programme and the Food Production theme of the Centre of Excellence in Food Security.



*André Swartz (regs), tegniese assistent in die Departement Hortologie, is die wenner van twee bottels wyn van Welgevallen-kelders in Kampusnuus en die kelder se wynkompetisie. Hier oorhandig Riaan Wassüng, kelderbestuur, die prys aan Swartz.* Foto: STEFAN ELS



*Die Afdeling Korporatiewe Bemarking het op 26 Januarie 'n laat Kersgeskenk aan die Graad 1-leerders van Pieter Langeveld Primêre Skool gegee. Personeel van die afdeling het geld geskenk om vir dié leerders skryfbehoeftes – van potlode en penne tot kleeflint en skryfboeke – asook toiletpapier en snesies te koop. Hier is Dorothy van Kerwel, dr Alec Basson en Olivia Leo van die afdeling besig om geskenkpakke op te maak.*

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### SAAMRYKLUB

**Noordelike voorstede:** Vredekloof of Stellenberg-omgewing. Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00-16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Dame soek geleentheid vanaf Gordonsbaai tot Stellenbosch en terug vanaf Maandag tot Vrydag. Werksure 08:00-16:30. Kontak Miranda by 021 808 9522 of 082 925 5897.

### TE HUUR / TO LET

**Noord-front tuinwoonstel:** Te huur, sentraalgeleë in Stellenbosch, vir werkende paar/persoon. 2 slaapkamers, sitkamer, stoepie, kombuis, badkamer & garage, toegang tot tuin. Huur R7 000 per maand. Dadelik beskikbaar. Kontak 076 967 4671.

TEACH ENGLISH ABROAD
TEFL COURSES

- Internationally recognised certificate
- University accredited
- 120-hours courses
- Full-time & part-time options
- Theory & teaching practice sessions
- Assistance in finding overseas employment
- R6,500 inclusive of materials & certificate

**2015 Course dates:**

- 2-27 March (Registration deadline 13 February)
- 4-29 May (Registration deadline 17 April)
- 17 June-14 July (Registration deadline 8 May)
- 9 November-4 December (Registration deadline 9 October)

**One World Language School**
**Lutz Building, 11 Victoria Road (opposite Happy Oak Pub)**
**Stellenbosch**
**Phone: 082 202 3114**

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
Sincerely Yours
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

Clearing your eggs from the tax basket
t +27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

**Why pay unnecessary estate duty and executor fees if you don't have to?**

Careful estate planning is vital if the value of your estate is R 3.5 million or more; with the escalating value of property and other assets, your estate could very easily reach this taxable level.

So why not contact carinus strydom and ensure that you don't have your investment eggs in the tax basket?

Financial structuring through the creation of a trust could reduce the value of your estate and provide welcome tax relief.

www.carinusstrydom.com

carinus strydom
AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516